Nuusbrief vir 23 Mei 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

23 Mei 2019

Ons het komende Saterdag 'n tuissportdag teen Vredenburg. U is natuurlik een en elkeen baie welkom om ons leerders op eie bodem te kom ondersteun en die dag saam met ons te geniet. Die program vir die dag is onder Bronne / "Resources" op hierdie Communicator.

Skoolfonds

23 Mei 2019

Ons vestig u aandag daarop dat skoolfondsrekeninge wat 60 dae en meer onbetaald is, sonder versuim aan ons prokureur vir invordering oorhandig word. Let wel, dit is ons skool se beleid en dus 'n prosedure wat deur mev Van der Westhuijzen in ons finanskantoor gevolg móét word. Dankie dat u begrip teenoor haar sal toon vir hierdie uiters belangrike en uitdagende werk wat sy verrig.

Matrieksertifikate 2018

23 Mei 2019

Die matrieksertifikate van 2018 het gearriveer en kan by die skool se ontvangs afgehaal word. Die persoon wat dit kom afhaal, moet net 'n identiteitsdokument saambring. U kan ons help deur hierdie nuus te versprei. Dankie!

"Public speaking" prestasies

23 Mei 2019

Die volgende leerders het in 'n ope kompetisie saam met ander Top-skole op provinsiale vlak deelgeneem:
Genewieve Hopley graad 11, Mandisa Nyadenga graad 12, Lelethu Ngwanya graad 12. Hulle het baie goed gevaar en is genooi om aan die Nasionale finale rondte in Pretoria op 3 en 4 Oktober te gaan meeding. Baie geluk en baie sterkte aan hierdie leerders met die volgende uitdaging!

WP biathle uitslae

23 Mei 2019

Selma du Preez het op 18 Mei aan die WP Biathle kampioenskappe (hardloop en swem) in Bredasdorp deelgeneem. Sy het 'n algehele eerste plek vir dogters O/17 verwerf. Sy is in die WP-span opgeneem wat op 15 Junie aan die Biathle SA-kampioenskappe in Durban gaan deelneem. Baie geluk met 'n pragtige prestasie, Selma!

Rugby uitslae

23 Mei 2019

HSS vs Robertson:
14B verloor 14-29, 14A wen 34-5, 15B wen 27-24, 15A wen 26-19,
16B verloor 15-19, 16A verloor 17-35, 19C wen 29-7, 19B wen 38-7, 19A verloor 22-34.

Netbal prestasies

23 Mei 2019

Ansuné Smit en Kristin van der Ross is in die Wes-Kaapspan opgeneem. Baie geluk!

Netbal uitslae

23 Mei 2019

HSS vs Robertson:
14B wen 21-13, 14A wen 25-3, 15C wen 9-3, 15B wen 20-9, 15A wen 38-14, 16C wen 22-8, 16B wen 18-11, 16A wen 24-14;
17B/18C wen 22-3, 17A wen 26-12, 18B wen 17-15, 18A wen 33-12.

Hokkie uitslae

23 Mei 2019

HSS vs Bridge House:
Seuns: 16B verloor 0-3, 16A verloor 0-1, 19B gelyk 1-1, 19A verloor 0-5.
Dogters: 19A wen 1-0.
HSS vs Robertson:
Seuns: 16A wen 5-0, 19B verloor 1-2, 19A wen 2-1.
Dogters: 16B verloor 2-4, 16A gelyk 0-0, 19B verloor 0-2, 19A gelyk 0-0.

Eisteddfod sluitingsdatums

23 Mei 2019

10 Julie: Paarl Vallei inskrywings - alle kunswerke en skryfstukke ingelewer by mev Hunlun-van Zyl

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

23 Mei 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

23 Mei 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

23 Mei 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 23 Mei 2019 - 30 Mei 2019

24th Mei 2019
Netbal topskole

24th Mei 2019
Koshuiskomitee vergader 13:00

25th Mei 2019
Rugby, netbal, hokkie vs Vredenburg (tuis)
HSS

25th Mei 2019
Swartlandbond gholfdag

27th Mei 2019
Beheerliggaam vergader 18:00

27th Mei 2019
Personeelontwikkeling 14:15

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Sport vs Vredenburg (tuis) 25 Mei

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5ce3e04641558174802214.doc

Mei 17 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cdd351e729d8736498458.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.